

'N EKO-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP DIE
CHRISTELIK-ETIESE IMPLIKASIES VAN
STAMSELNAVORSING EN –TERAPIE

PROEFSKRIF AANGEBIED TER GEDEELTELIKE
VERVULLING VAN DIE GRAAD:

DOCTOR DIVINITATIS

DEUR

STEPHANUS HOFFMAN
96166275

ONDER LEIDING VAN:

PROFESSOR JOHAN BUITENDAG

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT DOGMATIEK EN
CHRISTELIKE ETIEK

Opsomming

Die nuwe biotegnologiese konteks waarin *in vitro* bevrugting, die kartering van die menslike genoom, stamselnavorsing en –terapie, realiteite geword het, rig unieke uitdagings aan die samelewing en ook die teologie. Hierdie realiteite vereis dat ons weer sal besin oor die etiese vrae rondom menslike lewe.

Die ontdekking van stamselle het nuwe insigte op die fisiologie van die mens gebring en daarmee saam beloftes van hoop vir die potensiële genesing van verskeie siektes.

Die praktyk van stamselnavorsing veral ten opsigte van navorsing op embrionale stamselle, konfronteer ook die samelewing met ernstige en komplekse etiese dilemmas. Lewers tussen die uiterstes van oordrewe optimisme oor stamselnavorsing en radikale verwerping daarvan, moet daar gesoek word na gebalanseerde perspektief op hierdie praktyk.

Die debat binne die politieke sfeer maak dit ook duidelik dat daar nog geen algemene konsensus in verband met wetgewing bestaan nie. Christelik-etiese perspektiewe kan vanuit 'n Eko-teologiese benadering ook sinvol bydrae tot die politieke debat en etiese vrae na riglyne vir besluitneming.

Die huidige teologiese debat getuig van uiteenlopende standpunte. Vanaf strenge konserwatisme wat stamselnavorsing en terapie ongekwalifiseerd veroordeel as sonde, tot by totale liberale en pragmatiese argumente wat stamselnavorsing en terapie ongekwalifiseerd aanvaar en voorhou as wonderkuur. Tussen hierdie uiterstes is daar ook stemme wat versigtiger dink en praat oor die kompleksiteit van hierdie fenomeen.

Die eis na antropologiese herbesinning sal vanuit 'n eko-teologiese benadering ook die kosmologiese dimensies van relasionele eksistensie moet verdiskonteer. Binne eko-etiese refleksie behoort die natuurlike en kosmiese

aard van menslike eksistensie in terme van ruimte en tyd 'n inklusiewe waardering van die kompleksiteit rondom menslike denke, emosies en gedrag teweeg te bring.

Die bedoeling van hierdie studie is om vanuit 'n Post-fondamentalistiese vertrekpunt 'n bydrae te lewer binne die transversale ruimte van Christelike etiek, natuurwetenskap en biotegnologiese ontwikkeling. Die navorsingsresultate van hierdie studie poog nie om bloot etiese reëls as absolute waarhede daar te stel nie, maar eerder om te reflekteer oor verskillende benaderingsmoontlikhede, waardes, karaktereienskappe, deugde, morele narratiewe en perspektiewe op hierdie komplekse etiese vraagstukke.

Die hermeneutiese proses van krities-realistiese nadenking en refleksie word op sistematiese wyse weergegee. Daar word beweeg vanaf die feitlike aspekte in verband met bio-tegnologiese ontwikkeling na die ontwikkeling van begrip oor die kompleksiteit van die etiese problematiek wat hierdie ontwikkeling meebring binne die sosiale, godsdienstige en politieke sfeer van die huidige etiese debat. Daarna word perspektief op refleksie-moontlikhede vanuit die Christelike-etiek gebied met besinning oor die verskillende benaderingsmoontlikhede tot die komplekse etiese vraagstelling en gefokus op 'n eko-teologiese benadering asook die waardes wat daaruit ontwikkel. Laastens word krities gereflekteer oor die toepassing van etiese waardes vanuit 'n eko-teologiese perspektief ten einde teologies-antropologiese perspektiewe wat uit die stamseldebat voortvloei te herwaardeer en basiese riglyne vir etiese besluitneming vanuit 'n eko-teologiese perspektief te bied.

Die verbreding van morele narratiewe en waardering van relasionele Christelik-antropologiese perspektiewe word aangebied as alternatief teenoor streng monolitiese begrippe van waarheid, objektiwiteit en rede.

AN ECO-THEOLOGICAL PERSPECTIVE ON
THE CHRISTIAN-ETHICAL IMPLICATIONS OF
STEM CELL RESEARCH AND THERAPY

DISSERTATION PRESENTED AS PARTIAL FULFILMENT
OF THE DEGREE

DOCTOR DIVINITATIS

BY

STEPHANUS HOFFMAN
96166275

UNDER SUPERVISION OF

PROF: JOHAN BUITENDAG

UNIVERSITY OF PRETORIA

FACULTY THEOLOGY

DEPARTMENT DOGMATICS AND
CHRISTIAN ETHICS

Abstract

The new biotechnological context wherein *in vitro* fertilization, the human genome project and stem cell research have become realities, confronts society and also theology with unique challenges. These realities compel us to revisit ethical questions considering human life.

The main aim of this study is to make a contribution in the transversal debate among Christian ethics, natural sciences and biotechnological development, from a post-foundationalistic perspective.

The research results do not aim to set ethical rules as absolute truths, but rather to reflect on different viewpoints, values, characteristics, virtues, moral narratives and perspectives on these complex ethical dilemmas.

The hermeneutical process of critical-realistic reflection is being presented systematically. Starting from the factual aspects in relation to bio-technological development we move towards constructing an idea of the complexity of the ethical dilemma this development brings to social, religious and political spheres as well as the ethical debate. Perspectives on different reflection possibilities are then given from a Christian-ethical viewpoint with evaluation of different viewpoints on this complex ethical question. I then focus on an eco-theological perspective and the values it presents. Lastly, a critical reflection on the implementing of these values is presented, from an eco-theological viewpoint, revaluing theological-anthropological perspectives and providing basic guidelines for ethical decision-making from an eco-theological perspective.

The broadening of moral narratives and revaluing of relational Christian-anthropological perspectives are being presented as an alternative against the strict monolithically orientated ideas of truth, objectivity and reason.

Dankbetuiging

Ek gee met groot dankbaarheid erkenning aan almal wat hierdie studie moontlik gemaak het en my mens laat wees.

Aan my ouers en skoonouers in wie se huise ek iets van God se vaderlike liefde, sorg en moederlike vertroeteling en koestering kon leer ken en ervaar.

Aan my broers, swaers en skoonsusters wat my iets van die huisgesin van God laat verstaan.

Aan my vrou wat lojaal my foute oorsien en my met liefde, getrou ondersteun en help. Jy maak my heel.

Aan my vriende en vriendinne, julle vriendskap het my gedra.

Aan my studieleier, Prof. Johan Buitendag dankie vir die saam dink en bid. U leiding en inspirasie het die deurslag gegee.

Aan prof Julian Müller wat my aan die wêreld van narratiewe bekend gestel het.

Aan dr. Molly Painter-Morland wat my tydens nagraadse studie in die etiek ingelei het.

Aan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. My geestelike tuiste in Afrika.

Aan ons Hemelse Vader wat ons deur Jesus Christus omvou met soveel liefde en genade en ons laat lewe deur sy Gees in hierdie wonderbaarlike skepping.

Aan U alleen kom toe, die lof en die eer en die aanbidding van my hart.



Sleutelterme

Antropologie

Christelik-etiese

Eko-teologie

Eko-etiek

Eksistensiële

Hermeneutiese

In Vitro

Krities-realistiese

Narratiewe

Oikos

Relasioneel

Refleksie

Skrifbeskouing

Stamsel

Stamselnavorsing

Stamsel terapie

Waarheidsbegrip

Werklikheidsverstaan

INHOUD

HOOFSTUK 1 – INLEIDING.....	6
1.1 Verantwoording.....	6
1.2 Probleemstelling en relevansie.....	7
1.3 Hipotese stelling.....	10
1.4 Navorsingsvrae en –doelwitte.....	11
1.4.1 Verkenning van navorsingsvrae.....	11
• Die vraag na die begin van menslike lewe en menswaardigheid.....	13
• Die vraag van genetiese manipulasie.....	15
• Die vraag na die verhouding tussen mens en natuur....	17
• Die vraag na die verhouding tussen teologie en wetenskap.....	19
1.4.2 Primêre doelwitte.....	24
1.5 Metodologiese benadering.....	26
1.5.1 Die ontwikkeling van ‘n denkraamwerk.....	26
1.5.2 Krities-realistiese en post-fondamentalistiese benadering.....	27
1.5.3 ‘n Relasionele waarheidsbegrip, Skrifbeskouing en werklikheidsverstaan.....	31
1.5.4 ‘n Narratiewe benadering.....	36
1.6 Voorlopige refleksie.....	42



AFDELING 1

Perspektiewe vanuit die voorhande werklikheid ten opsigte van stamselnavorsing en –terapie en die kompleksiteit van die etiese problematiek wat dit meebring.....43

HOOFSTUK 2 - STAMSELLE EN STAMSELNAVORSING.....43

2.1 Inleiding.....43

2.2 Stamselle – ‘n basiese oorsig.....47

2.3 Stamselle in die normale fisiologiese prosesse van ‘n organisme.....49

2.3.1 Die rol van stamselle in soogdierontwikkeling.....49

2.3.2 Die rol van stamselle in weefselherstel.....50

2.4 Stamselkategorieë.....51

2.4.1 Embrioniese stamselle (ES).....51

2.4.2 Volwasse stamselle.....55

2.4.3 Die ooreenkomste en verskille tussen embrioniese en
volwasse stamselle.....58

2.4.4 Naelstring Stamselle.....59

2.5 *In Vitro* bevrugting.....60

2.6 Terapeutiese kloning.....61

2.7 Navorsing en kliniese gebruike van stamselle.....62

2.8 Terapeutiese potensiaal van stamselle.....64

2.8.1 Kardiovaskulêre siekte.....65

2.8.2 Diabetes.....66

2.8.3 Parkinson siekte.....67

2.8.4 Die rol van stamselle in kanker.....69

2.8.5 Struikelblokke in die weg van stamselterapie.....70



2.9 Voorlopige refleksie.....73

**HOOFSTUK 3 KONTROVERSIE OOR STAMSELNAVORSING EN
-TERAPIE BINNE DIE SOSIALE, POLITIEKE EN
GODSDIENSTIGE SFEER.....74**

3.1 Sosiale kontroversie.....75

3.2 Politieke reaksies.....83

3.2.1 Asië.....83

3.2.2 Europa.....84

3.2.3 Midde-Ooste.....87

3.2.4 Noord-Amerika.....88

3.2.5 Suid-Amerika.....89

3.2.6 Suid-Afrika.....89

3.3 Perspektiewe vanuit ander godsdienste.....93

3.3.1 Judaïsme.....93

3.3.2 Islam.....95

3.3.3 Hindoeïsme.....96

3.3.4 Buddhisme.....97

3.3.5 Taoïsme.....98

3.4 Voorlopige refleksie.....99

HOOFSTUK 4 - CHRISTELIKE ETIEK.....100

4.1 Etiek.....100

4.1.1 Meta-etiek.....101

4.1.2 Normatiewe etiek.....105

4.1.3 Teleologiese teorieë.....116

4.1.4 Voorlopige Refleksie.....122

4.2 Christelike etiek.....123

4.2.1 Perspektiewe op die verhouding van natuurlike wet teorieë
en Christelike etiek.....121

4.2.2 Kritiese perspektiewe op die natuurlike wet teorieë.....130

4.2.3 Perspektiewe op die verhouding tussen deugde-etiek
teorieë en Christelike etiek.....133

4.2.4 'n Hermeneutiese perspektief op Christelike etiek.....135

4.2.6 Voorlopige refleksie.....139

AFDELING 2

**Perspektief op verskeie refleksie-moontlikhede vanuit die
Christelike-etiek.....142**

**HOOFSTUK 5 BRANDPUNTE BINNE DIE HUIDIGE TEOLOGIESE
DEBAT.....142**

5.1 Etiese raamwerke in die stamseldebate.....142

5.2 Konserwatiewe vertrekpunte.....144
(Die beskerming van die embryo en die natuur)

5.3 Liberale vertrekpunte.....151
(Mediese voordeel en navorsing standaarde)

5.4 Eko-teologiese perspektiewe.....161



(die soeke na 'n derde opsie)	
5.5 Voorlopige refleksie.....	170
HOOFSTUK 6 OP SOEK NA 'N EKO-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP ETIEK.....	171
6.1 Wat is Eko-teologie?.....	171
6.2 Wat is Eko-etiek?.....	176
AFDELING 3	
Kritiese refleksie oor die toepassing van etiese waardes vanuit 'n eko-teologiese perspektief.....	184
HOOFSTUK 7 OP PAD NA 'N EKO-TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE.....	184
7.1 Antropologie.....	184
7.2 Argaïese kosmologie as teologies-antropologiese vertrekpunt?.....	187
7.3 Eko-teologiese perspektiewe op die antropologiese vraag vanuit die stamseldebat.....	195
7.4 Relasionele verstaan van antropologiese eksistensie as moontlike reaksie op die vraag na die waarde van menslike lewe.....	198
HOOFSTUK 8 DIE VERBREIDING VAN DIE <i>OIKOS</i> BEGRIP EN BASIESE RIGLYNE VIR ETIESE BESLUITNEMING.....	210
8.1 Die <i>oikos</i> begrip.....	210



8.1.1 <i>Oikos</i> (tyiB) in die Ou Testament.....	211
8.1.2 <i>Oikos</i> in die Nuwe Testament.....	215
8.1.3 <i>Oikos</i> as metaforiese ruimte.....	220
8.2 Basiese riglyne vir etiese besluitneming vanuit 'n eko-teologiese perspektief.....	227
8.2.1 Intensie en motief.....	227
8.2.2 Sosiale bedding.....	228
8.2.3 Teologiese vertrekpunte en aannames.....	229
8.2.4 Relasies.....	230
8.2.5 Eskatologies.....	231
HOOFSTUK 9 REFLEKSIE.....	233
*Doksologie.....	226
BIBLIOGRAFIE.....	240